Ontmoeting 23

God sal dinge laat gebeur soos Hy

Die ontmoeting is 'n verhalende gedeelte van 'n groot storm waarin Paulus was. Hy en almal saam met hom se lewens is gespaar omdat God 'n belofte gemaak het dat niemand sal sterf nie.

Teks: Hand 27

Hulpmiddels:

- Tou
- Gekleurde papier vir bootjies
- Roomysstokkies
- Gom en skêre
- Kramdrukker
- Skottel vir water
- Koerantpapier

WELKOM

Speel die speletjie **"Skipbreuk**.

Verduidelik aan hulle dat jy die kaptein is en hulle die matrose wat elke opdrag van jou moet gehoorsaam. Die kinders wat nie onmiddellik jou opdragte uitvoer nie, word uitgeskakel. Die opdragte klink soos volg:

ATTENTION ON DECK: Al die matrose moet op aandag staan voor die kaptein.

CLEAR THE DECK: Niemand se voete mag op die grond wees nie, so die matrose moet op hul hande staan of op hul boude sit met hul voete in die lug.

CROW'S NEST: Kinders moet 2-2 'n maatjie kry en die een moet op die ander een se rug spring.

MAN OVERBOARD: Kinders maak groepies van 3. Twee van die kinders staan regoor mekaar met hulle arms uitgestrek na mekaar asof dit die rand van die boot is. Die derde kind leun oor hul arms, vorm met sy hande 'n verkyker en soek kamma na iemand wat oorboord kon val.

PERISCOPE UP: Almal lê op die grond met een been regop in die lug.

"Alles oorboord"

Verdeel nou die groep in 2 (indien daar genoeg kinders is) en gee aan elke groep 'n pak koerante en 2 stukke tou. Laat hulle met die 2 toue die boeg van 'n boot vorm. Die kinders is matrose op die boot. Hulle vorm brode deur 'n velle koerantpapier op te frommel. Wanneer die kaptein skree: "SKIPBREUK!" kyk ons watter span eerste al hul brode oorboord kan gooi om die skip ligter te maak. Skree nou weer "HONGERSNOOD!" Niemand mag uit die boot klim nie, maar almal moet strek om te kyk hoeveel brode hul in die boot kan terugkry sonder dat 'n deel van hul liggaam aan die vloer buite die boeg raak.

WYDING

Temalied: "I have decided"

Stilword-ritueel:

Laat die kinders hul ogies toemaak en tjoepstil bly. Sê vir hulle in 'n rustige stem die volgende:

"Dink bietjie oor die volgende vrae sonder om hardop te antwoord: Toe jy vanoggend wakker geword het, was dit vir jou lekker of sleg in julle huis? Toe jy uit die huis uitgegaan het, was die mense op julle pad vriendelik of onbeskof? Toe jy by jou skool aangekom het, was jou maatjies vriendelik met jou of het hulle jou sleg laat voel? Was die dag in die skool vir jou lekker of minder lekker? Sê in jou hartjie vir die Here dankie dat Hy nog die hele dag by jou was." Sê "Amen" na 30 sekondes van stilte.

WOORD

Verlede keer het ons gehoor van Paulus se preek in Troas toe Eutigus by die venster uitgeval het. Dit was op sy derde reis. Paulus het van Troas af weggevaar en by Efese die ouderlinge van die gemeente gaan groet. *(Wys op die kaart.)* Hy het by die eilande verbygevaar en uiteindelik by Sidon aan land gegaan. Daarna is hy na Jerusalem. In Jerusalem was daar baie moeilikheid en Paulus is vals aangekla en in die tronk gesit. Ons het in die tweede kwartaal gehoor wat Paulus se suster se seun gedoen het om te keer dat hy deur die Joodse leiers doodgemaak word. (Onthou julle nog: Die seun het gehoor hoe die manne beplan om 'n vals boodskap na die kaptein te stuur. Hulle sou maak asof Paulus weer voor die Joodse Raad moet verskyn, maar hom dan langs die pad aanval en doodmaak. Die seun het vir Paulus daarvan gaan vertel. Die kaptein het die seun geglo en gereël dat Paulus in die nag van die een tronk na die ander een geskuif word.) Paulus is uiteindelik per skip na Rome

gestuur. Tydens die reis het hulle 'n wonderlike ervaring gehad.

Gebruik die teks van Hand 27 uit die BYBEL vir almal. Verdeel die groep in 4 en verduidelik aan die kinders dat hul baie mooi moet luister na die verhaal. Elke keer wanneer jy die woord "wind" of "stormwind" gebruik, gaan jy in 'n rigting wys, en die groep wat daar sit moet die geluid van wind namaak. Hulle moet dit net doen solank jy na hul kant toe wys, jy kan enige tyd van rigting verander en dan moet die volgende groep na wie jy wys, oorneem. Toets dit eers voordat jy die verhaal begin lees.

Lees nou Hand 27:1-20:

Die amptenare het besluit dit is tyd dat Paulus en ons met 'n skip na die land Italië moet seil. Die soldate het toe vir Paulus en party ander gevangenes vir Julius gegee. Julius was die offisier van 'n groep soldate van die keiser. Ons het op 'n skip geklim wat na die stad Adramittium sou seil, want ons wou gaan na plekke in die provinsie Asië. Die skip het begin seil. Aristargus was ook saam met ons. Hy was 'n man van die stad Tessalonika in die provinsie Masedonië. Die volgende dag het die skip by die stad Sidon aangekom. Julius was vriendelik met Paulus. Julius het gesê Paulus mag na sy vriende in Sidon gaan sodat hulle vir hom kan sorg. Die volgende dag het ons weggeseil van Sidon. Ons het toe by die eiland Siprus verbygeseil. Die wind het sterk teen ons gewaai en daarom het ons langs Siprus verbygeseil, langs die kant waar die wind nie so sterk was nie. Ons het met die skip oor die see langs die lande Silisië en Pamfilië geseil. Ons het geseil tot by die stad Mira in die land Lisië. In Mira het die offisier 'n skip gekry wat van die stad Aleksandrië gekom het. Die skip sou na Italië seil. Die offisier het toe vir ons gesê ons moet op daardie skip klim.

Ons het lank geseil, en nadat ons skip baie gesukkel het, het ons naby die stad Knidus gekom. Maar die wind het sterk teen ons gewaai, en daarom het ons langs die eiland Kreta verbygeseil, langs die kant waar die wind nie so sterk was nie. Ons was oorkant die stad Salmone. Ons het verby Salmone geseil, maar ons het baie gesukkel. Toe het ons by 'n plek gekom, die plek se naam was Mooi Hawens. Dit was naby die stad Lasea. Ons het lank geseil. Dit was ook laat in die jaar, die winter was naby, en dit was toe gevaarlik om met 'n skip te seil. Daarom het Paulus vir die offisier en sy manne gesê: "Vriende, ons moenie nou verder seil nie. Dit is baie gevaarlik en ons sal baie dinge verloor. Ons sal die goed op die skip verloor, en ook die skip én ons lewens." Maar die offisier het geluister na wat die kaptein van die skip en die eienaar van die skip vir hom gesê het, hy wou nie na Paulus luister nie. 'n Mens kon nie die hele winter by Mooi Hawens bly nie. Daarom het die meeste mense op die skip gesê ons moet verder seil en ons moet probeer om tot by Feniks te kom. Feniks was 'n hawe van die eiland Kreta. Dit was 'n veilige plek om te bly terwyl dit winter is, want die suidweste-kant en die noordweste-kant van die hawe was oop. Die suidewind het saggies gewaai. Toe dink hulle dat hulle plan kan slaag, die plan om tot by die hawestad Feniks te seil. Daarom het hulle die skip se anker opgetrek en hulle het begin seil. Hulle het naby die eiland Kreta verbygeseil. Maar hulle het nie lank geseil nie, toe begin 'n baie sterk wind waai, die wind het van Kreta gekom. Dit was 'n noordooste-wind, die wind se naam was Eurakilon. Die wind het die skip saamgesleep. Ons kon nie die skip draai sodat dit teen die wind seil nie. Daarom het ons die skip gelos sodat dit gedryf het, saam met die wind. Ons het die skip verby 'n klein eiland gestuur, die eiland se naam was Kauda. Die wind was daar nie baie sterk nie. Toe het ons baie gesukkel om te keer sodat die klein bootjie nie wegdryf van die skip nie. Die matrose het die klein bootjie opgetrek en hulle het dit boop die skip vasgemaak. Toe het hulle toue om die skip gebind en so het hulle probeer om die skip sterker te maak. Hulle was bang dat die wind die skip sal stoot tot by die sandbanke van Sirtis, dan sou die skip stukkend breek. Daarom het hulle 'n seil aan 'n tou vasgemaak en hulle het die seil in die see gegooi om die skip stadiger te laat dryf. So het ons verder gedryf. Dit was 'n kwaai storm. Daarom het die matrose die volgende dag begin om die goed wat op die skip was, in die see te gooi. Op die derde dag het hulle self ook baie van die skip se seile en toue en pale in die see gegooi. Ons het baie dae lank nie die son gesien nie, ook nie die sterre nie, en die storm was baie kwaai. Daarom het ons opgehou om te hoop, ons het gedink dat ons sal sterf.

Stop eers die verhaal en laat die kinders 'n storm op die volgende wyse simuleer:

Laat die groep in 'n sirkel staan. Jy gaan in die rondte loop terwyl jy 'n aksie wys. Elkeen in die sirkel mag net doen wat jy doen terwyl jy verby hom/haar loop. Dan moet hulle aanhou met dieselfde aksie totdat jy weer verbykom en iets anders doen. Jy beweeg in die rondte en elke keer as jy die sirkel voltooi, verander jy jou aksie. Jy voer dus een aksie per rondte uit en die kinders verander hul aksie soos jy verbygaan. Die klank bou natuurlik op en neem weer af totdat daar stilte is. Die groot geheim van die aktiwiteit is dat niemand mag praat nie. Begin deur hande teen mekaar te vryf; beweeg oor na die klap van vingers, daarna slaan jy op jou bobene met plat hande, volg dit op deur jou voete te stamp terwyl jy op jou bobene slaan. Verander dan deur net jou bobene te slaan, dan net vingers klap, dan net hande vryf en uiteindelik stilte.

Lees verder: Hand 27:21-44:

Hulle het 'n lang tyd niks geëet nie. Paulus het toe opgestaan en hy het

tussen hulle gaan staan en gesê: "Vriende, ek het gesê ons moenie wegseil van Kreta nie. Hoekom het julle nie na my geluister nie? Dan het julle nie nou hierdie groot probleme gehad nie, en dan het julle ook nie julle goed verloor nie. Maar nou wil ek vir julle sê wat julle moet doen. Julle moet sterk wees. Nie een van julle sal sterf nie, maar die skip sal stukkend breek en sink. Want gisternag het daar 'n engel by my kom staan. Dit was 'n engel van God, ek behoort aan daardie God, Hy is die God wat ek dien. Die engel het vir my gesê: 'Paulus, jy moenie bang wees nie. Jy moet voor die regterstoel van die keiser in Rome gaan staan. God sal ook goed wees vir almal wat saam met jou op die boot is. Hy sal hulle red omdat Hy jou wil red.' Vriende, daarom moet julle nie moedeloos wees nie! Ek glo dat God dit sal doen, ek glo dit sal gebeur soos die engel vir my gesê het. Maar die skip sal stukkend breek by een van die eilande." Dit was 14 dae nadat die storm begin het. Dit was nag, en die skip het rondgedryf in die Adriatiese See. Dit was in die middel van die nag. Die matrose het gedink die skip kom naby die land. Hulle het gemeet hoe diep dit is. Dit was 40m. Die skip het verder gedryf. Hulle het weer gemeet hoe diep dit is en dit was toe 30m. Hulle was bang dat die skip stukkend sal breek op die rotse. Daarom het hulle vier ankers vasgemaak aan toue en hulle het die ankers afgegooi by die agterkant van die skip. Hulle het gebid dat dit dag moet word. Party van die matrose wou wegkom van die skip. Hulle het gemaak of hulle ook ankers by die voorkant van die skip wil afgooi. Maar hulle het die klein bootjie geneem en hulle wou dit in die see laat sak en probeer om met die bootjie weg te kom van die skip. Toe sê Paulus vir die offisier en vir die soldate: "Daardie matrose moet op die skip bly. As hulle nie op die skip bly nie, dan sal God nie vir julle red nie." Toe het die soldate die toue van die klein bootjie afgekap en hulle het die bootjie in die see laat val. Net voor dit dag geword het, het Paulus almal bemoedig en hy het gesê hulle moet iets eet. Hy het gesê: "Julle is bang vir wat sal gebeur, en julle het 14 dae lank nie geëet nie. Daarom vra ek nou mooi vir julle dat julle moet eet, want dit sal help dat julle aanhou lewe. Want julle moet weet dat daar nie een haar van iemand se kop sal afval nie, God sal julle beskerm." Nadat Paulus dit gesê het, het hy brood geneem en gebid en hy het vir God dankie gesê. Almal het gesien hoe hy dit doen. Toe het hy die brood gebreek en hy het begin om dit te eet. Paulus het hulle almal bemoedig en hulle het ook begin eet. Ons was 276 mense op die skip. Nadat almal genoeg geëet het, het hulle die koring wat op die skip was, in die see gegooi. Hulle het dit gedoen om die skip ligter te maak. Dit het dag geword. Hulle het land gesien, maar hulle het nie geweet watter plek dit is nie. Hulle het 'n strand gesien, daar was nie rotse nie. Toe het hulle gedink hulle sal probeer om die skip op die strand te laat stop. Hulle het die ankers se toue afgesny en hulle het die ankers in die see gelos. Hulle het ook die toue om die roeispane losgemaak. En hulle het die seil wat voor op die skip was, oopgemaak sodat die wind die skip vorentoe kon waai. Hulle het probeer om die skip na die strand te stuur. Maar die skip het teen 'n sandbank vasgeseil en die voorste deel van die skip het vasgesit. Dit kon nie beweeg nie. Toe het die sterk branders die agterste deel van die skip stukkend geslaan. En die soldate het besluit om die gevangenes dood te maak sodat hulle nie na die land kon swem en dan kon weghardloop nie. Maar die offisier wou vir Paulus red en hy het die soldate gekeer. Die soldate kon nie doen wat hulle wou doen nie. Toe het die offisier gesê dat almal wat kan swem, eerste in die see moet spring en hulle moet na die land swem. Daarna moes almal wat nie kon swem nie, probeer om by die land te kom. Party mense het op planke na die land gegaan en party mense het op stukke van die skip gegaan. So het almal veilig by die land uitgekom.

Vertel ook die hooftrekke van die verhaal in Hand 28:1-14. Dit is waar 'n slang Paulus aan die hand byt, maar hy niks oorkom nie. Paulus genees ook siekes tot hul verder vaar en in Rome aankom.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter deel van die verhaal klink vir jou die ergste.
2. Ek wonder wat sal jy in 'n storm maak.
3. Ek wonder hoe die ander mense op die boot gevoel het.
4. Ek wonder of jy ook sou kon aanhou glo.

WERSKAF

- Neem 'n sterk belt of stuk plat tou. Skryf met 'n merkpen daarop: "Matt 28:19: Jesus is altyd by ons." Laat die kinders 2-2 of in groepies aan weerskante van die belt trek en dit probeer breek.
- Vir kleingroepe: Gebruik 'n groot bak water, gee die kinders kans om branders in die bak te maak en dan dinge wat vir hulle "'n storm" is, met hul vingers in die water skryf. Laat hul dan hul vingers uit die water haal en kyk hoe die water rustig raak.
- Vir grootgroepe: Gee aan elkeen 'n skoon papier en laat hul branders teken en daarin skryf wat 'n probleem/gevaar in hul lewens is.
- Gee vir die kinders gekleurde papier en help hulle om 'n bootjie te maak en te versier. Gee vir hulle strokies papier met die 2 teksverse op wat hulle op 2 roomys stokkies kan plak. Druk die stokkies

deur die bootjie soos roeispane.

Teksverse:

Numeri 23:19 – “Sou God iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?”

Hand 27:25 – “Verseker vertrou ek op God dat alles presies so sal gebeur soos Hy vir my gesê het.”

Sluit af met die seënbede.



Maak ‘n papierbootjie:

- ◊ Papier of dun karton
- ◊ Kramdrukker (“stapler”)
- ◊ Skêre
- ◊ Kryte of koki’s
- ◊ Roomysstokkies
- ◊ Kleeflint

Vou die karton in die helfte. Vou die karton aan weerskante van die middelste vou na die buitekante toe om (sodat die karton die letter “M” vorm). Teken die skewe kante van die boot. Sny die kante af om die boot die regte hoogte en lengte te maak.

Kram die kante aan mekaar vas met een of twee krammetjies aan elke kant. Die bootjie behoort dan op sy eie te kan staan. Sny gleuwe aan die kante van die bootjie om roeispane in te sit.

Die kind se foto of prentjie van homself kan nou op ‘n ekstra roomysstokkie geplak word om binne-in die bootjie te sit.